
# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 20 SEPTEMBER 2020



Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org.za

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za
Registration number: MPC: PBO 930046902

**Vandag by die Kerk**

08h15: Erediens
09h30: Erediens + Laerskool Kategese
Laerskool Proteapark



**Aanbidding:**

- **Aanbidding herinner ons aan waardes waarvan die wêreld ons wil laat vergeet**
- **Hoe meer 'n mens op sy knieë is voor God, hoe regopper staan hy voor mense**
- **God het nie ons aanbidding nodig nie. Dis ons wat dankbaarheid moet betuig vir dit wat ons ontvang het - Thomas Aquinas**

**Verander jou lewe**



**Wanneer jy jou manier van dink verander, verander jy jou oortuigings. Wanneer jy jou oortuigings verander, verander jy jou verwagtinge. Wanneer jy jou verwagtinge verander, verander jy jou houding. Wanneer jy jou houding verander, verander jy jou optrede/gedrag. Wanneer jy jou optrede/gedrag verander, verander jy jou lewe. Jou besluite is die skakel tussen jou brein en jou geloof**

**'n Verhoorde gebed**

Ek het krag gevra
God het my worsteling gegee om my sterk te maak.
Ek het gevra vir wysheid,
God het my probleme gegee om op te los.
Ek het voorspoed gevra,
God het my verstand en krag gegee om te werk.
Ek het vir durf en moed gevra,
God het my gevare gegee om te oorkom.
Ek het vir liefde gevra,
God het my mense in nood gegee om te help.
Ek het vir gunste gevra,
God het my geleenthede gegee om te help. Ek het niks ontvang wat ek nie gevra het nie, ek het alles ontvang wat ek nodig gehad het.
God het my gebed verhoor!



**Grendeltyd : vlak 1**

Volgens Wet mag Kerke 250 mense van nou af in eredienste huisves. Dit beteken dat ons vanaf Sondag 27 September slegs een erediens om 09h00 sal hê

***RGK GROENTE VIR AFRIKA***



U weet seker reeds van al die RGK inisiatiewe, verál gedurende die Covid - 19 grendelperiode:

1. God se apteek: Sondae uitgedeel
2. RGK Helppakkies: Kos vir behoeftiges
3. RGK Werksoekspan
4. RGK Besigheidsgids
5. RGK Goeie nuus boodskappe
6. RGK Rek jou rand-groep
7. Eiebase Kookboek @R100

**Vandag lanseer ons ons jongste plan!**

**Groente vir Afrika**

RGK versprei 'n beginpak met die volgende inhoud:

- Instruksies vir die voorbereiding
- Instruksies vir die saai van die saad
- Instruksies vir die versorging van die plante
- Sakkie met vier verskillende soorte saad
- Sakkie met 2-3-2 kunsmis

Dit is gratis danksy 'n liefdevolle borgskap uit die RGK geledere

**Besoek ons by www.rtbgkerk.org.za**
**of**
**Stuur epos na: rtbgkerk@gmail.com**

**Dankoffers**

**Ons Kerk se:**
**- instandhouding**
**- groei**
**- hulpverlening**
**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**



- ☑ **EFT**
- ☑ **Stoporder**
- ☑ **Kontant koeverte**

**by ⓘ toonbank**

**Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid**

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening:
62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van



**Verjaarsdae 20-26 September**

20-Janeske Venter, Lianka Schoeman
Amanda Coetzer
21-Kyla van Wyk,
Alida Lewis,
Hans Snyman
24-Tossie Annandale
Francois Joubert
25-Johan van Dyk
26-Jaco van Wyk



**Bid asb vir ons lidmate**



- Charlotte Pieterse
- Hantie Viljoen
- Daan Dercksen
- Christelle Nel
- Shaun Lottering
- Derek Viljoen
- Peet Dique
- Isabel Mc Donald
- Sanette v/d Walt
- Ronel Engelbrecht
- Cisca Hopkins